

Die Sendbrief van Jakobus

Hoofstuk 2

Vers 1-13

My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlikheid, nie wees met aanneming van die persoon nie.

- Want as daar in julle vergadering
 - 'n man inkom met goue ringe aan die vingers, met 'n pragtige kled aan,
 - en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan;
 - en as julle
 - opsien na hom wat die pragtige kled dra,
 - en vir hom sê: Gaan u op hierdie goeie plek sit,
 - en vir die arme sê julle:
 - Gaan jy daar staan
 - of hier onder my voetbank sit -
- het julle dan nie by julleself
 - onderskeid gemaak
 - en regters met verkeerde oorlegginge geword nie?

Luister, my geliefde broeders - het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy belof het aan die wat Hom liefhet nie?

- Maar julle het die arm man
 - oneer aangedoen.
- Is dit nie juis die rykes
 - wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie?
 - Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeroep is nie?
- As julle
 - ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself
 - - dan doen julle goed.
- Maar as julle
 - partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf. Want wie die hele wet onderhou,
 - maar in een opsig struikel,
 - het aan almal skuldig geword.
 - Want Hy wat gesê het:
 - Jy mag nie egbreek nie,
 - het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie.
 - As jy nou nie egbreek nie,
 - maar doodslaan,
 - het jy 'n oortreder van die wet geword.

Julle moet so spreek en so doen soos diegene

- wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.

- Want die oordeel sal onbarmhartig wees
- oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie;
- en die barmhartigheid roem teen die oordeel. (Jakobus 2:1-13 AFR53)

Vers 1

My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlijkheid, nie wees met aanneming van die persoon nie. (Jakobus 2:1 AFR53)

Hierdie vers sny baie diep in die gelowige lesers se eie geloofslewe en in hulle waardigheid in.

- Eerste laat die vers agterkom dat daar 'n skeiding in die gemeente was tussen ryk en arm.
 - Die rykes het blykbaar voorkeur gekry en die armes is dan minderwaardig behandel (verdruk?).
 - Menslik gesien, wil ons dadelik kant kies vir die arme armes wat dan so onderdruk en gering geag word in die gemeente.

Die Heilige Gees onderskei egter nie tussen ryk en arm nie, maar tussen mense wat sonde doen en wat nie sonde doen nie. Daarom begin Hy by dié wat hulleself loop en bejammer omdat hulle dan onderdruk sou word.

- Hulle geloof is nie in orde nie - want hulle kyk nog steeds na die persoon.
- Hulle het geloof, maar hulle geloof het nog nie so 'n krag in hulle lewe geword dat hulle by versoekings kan verbykom nie.
- Die sonde wat hulle doen is dat hulle teen mense vaskyk - die aanneming van die persoon. M.a.w die buitekant van die mens: sy status, sy mooi klere of sy rykdom.

Die sonde is dat 'n mens iemand op grond van sy voorkoms oordeel en nie oor sy innerlike nie: Dan behandel hulle rykes in die kerk anders as wat hulle die armes behandel - so asof God twee standaarde het vir mense wat Hom ewe lief het.

Daarom is die aanspraak op die gelowiges baie merkwaardig:

- Hier staan nie: Moenie na mense se voorkoms en status (aanneming van die persoon) kyk nie.
- Hier staan: Laat julle geloof nie bepaal word deur die aanneming van die persoon nie.

Geloof word dan goed gekwalifiseer:

- Julle geloof in
 - ons Here Jesus Christus,
 - die Here van die Heerlikheid

Ons geloof kom van die Here Jesus af.

- Ons geloof is 'n geloof van heerlijkheid, want ons Here wat die geloof werk is Koning wat in heerlijkheid regeer oor ons.
- Hierdie kwalifikasie vertel dus vir die armes wat die presiese adel van hulle geloof is. Hulle moet hulle nie deur so 'n sonde laat pootjie nie.
- Hulle moet sien dat hulle 'n Here van Heerlikheid in die hemel het, Wie se eiendom hulle is in die geloof.

NB: as hulle hulle dus skuldig maak aan die aanneming van die persoon, dan tas hulle hierdie posisie aan wat hulle deur die Here se genade by Hom het.

Vers 2, 3

Want as daar in julle vergadering 'n man inkom met goue ringe aan die vingers, met 'n pragtige kleed aan, en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan; en as julle opsien na hom wat die pragtige kleed dra, en vir hom sê: Gaan u op hierdie goeie plek sit, en vir die arme sê julle: Gaan jy daar staan of hier onder my voetbank sit - (Jakobus 2:2-3 AFR53)

- Want as daar in julle vergadering
 - 'n man inkom met goue ringe aan die vingers, met 'n pragtige kleed aan,
 - en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan;
 - en as julle
 - opsien na hom wat die pragtige kleed dra,
 - en vir hom sê: Gaan u op hierdie goeie plek sit,
 - en vir die arme sê julle:
 - Gaan jy daar staan
 - of hier onder my voetbank sit -

Die voorbeeld tipeer die styl van daardie tyd soos wat dit algemeen voorgekom het.

Wat opvallend is is die Joodse woord wat gebruik word vir die gemeente: vergadering (letterlik: sinagoge)! Nie ekklesië nie.

Die rede is voor die hand liggend:

- Die brief word geskryf aan Joodse Christene wat in die verstrooiing woon.
- Waarskynlik het hulle nog steeds in sinagoges saamgekom - of ten minste hulle samekomste sinagoges genoem.

In hoofstuk 5:14 word die woord ekklesië wel gebruik.

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. (Jakobus 5:14 AFR53)

Wie is die man met die goue ringe?

Waarskynlik was dit 'n owerheidspersoon: iemand wat die een of ander pos in die (plaaslike) regering beklee het.

In die moderne tyd word ringe gedra

- as simbool daarvan dat iemand getroud is,
- of as versiering.

In die tyd toe die brief geskryf is, was dit nie so nie.

- Ringe is gedra as teken daarvan dat die draer van die ringe 'n bepaalde status het.
- Meestal is dit deur iemand wat in 'n regeringsposisie was, gedra.
- Daarmee saam het die persoon ook besondere mooi klere gedra om die hoogheid van sy sosiale posisie aan te dui - meestal wit klere.

Die Here keur dit af, want dit maak dat sy kerk op aarde die persoon kragtens sy waardigheid ontvang en daarvolgens behandel - en nie volgens sy geloof en sy verhouding met die Koning van die kerk nie.

Daar het (volgens die voorbeeld) ook 'n arm gelowige ingestap in die erediens in.

- Hy mag staan,
- of by iemand se voete gaan sit.

Om die beeld te kan verstaan, moet 'n mens gaan kyk hoe die sinagoges van destyds in Palestina gelyk het:

- Al die sitplekke was nie op die vloer aangebring nie.
- Teen die mure was daar 'n ry sitplekke wat hoër was as die ander sitplekke.
 - Hulle was op so 'n hoogte dat die persoon wat daarop gesit het, met sy voete op die mens onder hom se skouers getrap het.
 - Die sitplekke was vir die rykes gereserveer.
- Die plekke wat aan die armes in hierdie teksvers toegewys is, was dus so dat die rykes se voete op hulle skouers kon rus (want hulle klere is mos oud!
- Dit sal nie so beskadig word as dit vuilsmear soos die rykes s'n nie.) of hulle kon teen die mure staan.
- Dis is net so 'n swak posisie, want hy is nie waardig genoeg om tussen die res van die gemeente te sit nie.

So is die armes onteer en onder die ander gelowiges gestel. Die Here bestraf so 'n houding waar dit voorkom in 'n kerk van die Here

Vers 4

het julle dan nie by julleself onderskeid gemaak en regters met verkeerde oorlegginge geword nie? (Jakobus 2:4 AFR53)

- het julle dan nie by julleself
 - onderskeid gemaak
 - en regters met verkeerde oorlegginge geword nie?

In die chiasme is dit die been wat uitstaan - en dus die klem dra.

- Dit toon die sonde van diegene aan wat hierdie daad teenoor armes gepleeg het.
- Inderdaad het hulle hulleself as regters in God se plek aangestel, en toe jammerlik misluk in hulle oordeel.
- Die sonde word dus ten diepste teen God begaan.

Lidmate (gelowiges) mag nie as regters in God se plek optree nie.

Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter. (Jakobus 4:11 AFR53)

Waar het die regters verkeerd gegaan?

- Hulle het die wêreld se maatstaf aangelê en God se kerk (sy koninkryk) daarmee gaan beoordeel.
- NB Die Here vermaan nie die ampsdraers nie - Hy vermaan die hele gemeente: al die gelowige lidmate.
 - Dit was dus 'n gesindheid wat nie deur die kerkraad op die gemeente(s) afgedwing was nie.

- Almal het so gedink en gedoen.
- Sulke optrede is verkeerd.

Vers 5

Luister, my geliefde broeders - het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloop het aan die wat Hom liefhet nie? (Jakobus 2:5 AFR53)

Luister is 'n oproep waarmee die hele gemeente se aandag gevestig word op die sonde wat hulle doen - dis sonde omdat dit ingaan teen die wil van God. In hierdie uitspraak sê Jakobus nie dat die Here die armes bo die rykes verhef nie

Hy sê net wat die Here met die armes doen:

- Die Here roep hulle en maak hulle waardig omdat hulle ryk is aan geloof.
- Hy maak hulle erfgename van sy koninkryk.

Die uitdrukking: koninkryk van die hemele beteken dieselfde as om die volle weldade te ontvang (te besit) wat die Here Jesus verwerf het vir die wat Hom liefhet. Die weldade vorm saam die burgerskap in die koninkryk van die hemele (dit kom ook so voor in die Saligsprekinge).

NB Let op die beperking wat die Here op die armes plaas:

- Dis nie alle armes wat die dinge kry nie.
- Dis net die wat Hom liefhet.

Die Kerk moet dus verstaan dat dit sonde is as 'n arme (wat die Here liefhet) verontreg word in die gemeente.

Vers 6

Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie? (Jakobus 2:6 AFR53)

- Maar julle het die arm man
 - oneer aangedoen.
- Is dit nie juis die rykes
 - wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie?

Die oordeel van mense (en van tradisie en instansies) is nie altyd reg nie. In die tyd toe die brief geskryf is, was die regbank glad nie bo verdenking nie! Lees maar wat staan in Lukas 18:1:

En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie, en gesê: Daar was 'n regter in 'n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie. En daar was in daardie stad 'n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty. En 'n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie, tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelijk kom en my in die gesig slaan nie. (Lukas 18:1-5 AFR53)

Die probleem was dat dit juis die rykes was wat die regbanke beman het.

- Hierdie Bybelgedeelte sinspeel ook daarop dat die persoon met die mooi klere en die ringe aan die

vingers juis so 'n persoon was!!

- Die bedrog kom daarby dat mense mekaar help.
- Daarom word die ryke wat 'n arme verontreg deur sy vriende vrygespreek (vir watter rede ookal: om hom of sy status, of die statuur van die rykes in die algemeen, of dalk ter wille van omkoopgeld).

Sodoende word die armes getiranniseer en voor die regbanke gesleep en verontreg.

Die Here toon dus aan dat daar sosiale en maatskaplike onreg in die gemeente gebeur - dat die kerk die wêreld se norme toepas op sy lidmate. Dit is verkeerd: 'n kerk werk anders. In die kerk geld die reëls van God se genade en van sy uitverkiesing.

Vers 7

Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeroep is nie? (Jakobus 2:7 AFR53)

- Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeroep is nie?

Hierdie saak is die groot probleem: die rykes wat hierdie onreg aan armes gedoen het (was nie lidmate nie) het die Here se Naam gelaster.

- Die Naam van die Here word gekwalifiseer: Die Here se Naam is oor die arm gemeentelide wat verontreg word, uitgeroep.
- Die vraag is: Hoe en wanneer?
 - Die antwoord is: Toe hulle gedoop is.
 - Dink aan die Here Jesus se opdrag in Matteus 28:

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. (Matteus 28:19 AFR53)

Dit verklaar waarom die aanspraak hier by implikasie gemaak word, dat die Here se Naam beskerm moet word. Dit gaan oor die Here se Naam wat ook sy Wese en sy eer is, wat beskerm moet word.

Vers 8

As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself - dan doen julle goed. (Jakobus 2:8 AFR53)

- As julle
 - ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself
 - - dan doen julle goed.

Die vers gaan ook nog daaroor dat die gemeente nie die persoon moet aanneem volgens sy status of sy voorkoms nie. Hoe gaan hulle dit nou regkry?

Die antwoord word gegee: Volbring die Koninklike wet.

Die Koninklike wet is die liefdesgebod.

- Dit dra die naam koninklike wet omdat dit God se wet is.
- Maar ook omdat dit die wet is wat die grondslag vorm van alle wette.

Let op dat Jakobus nie die Here Jesus se weergawe weergee nie, nl.

Meester, wat is die groot gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. (Matteus 22:36-38 AFR53)

Die rede is voor die hand liggend.

- Die Jakobusbrief is waarskynlik die eerste Christelike geskrif wat die gelowiges gehad het.
- Jesus se woorde was nog nie op skrif gestel nie.
- As hy hom dus op 'n uitspraak van God wil beroep, moet hy iets uit die Ou Testament aanhaal.
- Daarom haal hy Levitikus 19:18 aan.

Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE. (Levitikus 19:18 AFR53)

Vers 9

Maar as julle partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf. (Jakobus 2:9 AFR53)

- Maar as julle
 - partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf. Want wie die hele wet onderhou,

Die vers trek die konklusie van die ding dat mense die persoon ter wille van sy persoon aangeneem het: As jy (die kerk) partydig is, doen hulle sonde.

Dit word baie skerp, reguit en kras gestel: julle doen sonde.

- Dit was nodig dat dit so sterk gestel word, want dit was die "normale" manier van doen!
- Niemand het destyds gedink dis sonde om rykes te bevoordeel en armes te benadeel nie - ook nie in die kerk nie.

Dat die vermaning om nie sonde te doen deur die persoon aan te neem nie, gehoor moet word, en dat dit krag sal hê, verwys Jakobus na die Wet.

- Die Jode was bang vir die Wet. Hulle wou nie daarvan beskuldig word dat hulle nie die Wet onderhou nie.
- Daarom word hulle daaraan herinner dat die Wet eis dat die liefdesgebod nagekom moet word.
- Die Wet laat hulle dadelik verstaan dat verontregting (en bevoorregting) 'n onderskeid tussen mense maak wat God nie maak nie.
- Dit is sonde wat deur die Wet bestraf word onder die liefdesgebod.

Vers 10

Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. (Jakobus 2:10 AFR53)

- Want wie die hele wet onderhou,
 - maar in een opsig struikel,
 - het aan almal skuldig geword.

Vers 10 sluit aan by die woord oortreders in vers 9.

- Al gaan dit in vers 9 oor partydigheid, is die straf van die wet gerig op alle soorte wetsoortreders (Die Wet gooi partydiges saam met alle ander oortreders as dit by straf kom!).
- Die rede daarvoor is omdat die liefdesgebod die grondslag is van alle gebooe. Iemand wat partydig is, oortree dus die liefdesgebod - en daarmee saam alle gebooe.

Die Fariseërs (dit was algemeen Joods: dus ook die Jode in verstrooiing) het gedink dat elke gebod apart staan van die ander gebooe.

- Hulle het gedink dat dit nie so erg is as jy net een gebod oortree nie: Jy kom darem nog weg met al die ander.
- Die Heilige Gees plaas hierdie dwaling in perspektief: As jy in een opsig oortree, oortree jy die ander gebooe ook.

Vergelyk die Romeinebrief se uitsprake hieroor:

Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:23 AFR53)

soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. (Romeine 3:10 AFR53)

Een sonde is dus net so erg soos baie sondes, want die gevolge is dieselfde. Dieselfde geld ook van berou en vergifnis!

Vers 11

Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. (Jakobus 2:11 AFR53)

- Want Hy wat gesê het:
 - Jy mag nie egbreek nie,
 - het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie.
 - As jy nou nie egbreek nie,
 - maar doodslaan,
 - het jy 'n oortreder van die wet geword.

Die vers versterk bloot die inhoud van vers 10: Die wet is 'n eenheid.

Motivering:

- Een God het al die gebooe gegee.
- Al die gebooe het dus ewe veel krag en dieselfde gesag.
- Oortreding van een of van al die gebooe bly oortreding teen die enige God.

Vers 12

Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. (Jakobus 2:12 AFR53)

Julle moet so spreek en so doen soos diegene

- wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.

Die vers verduidelik nie meer nie. Die styl verander: Dit is meteens 'n vermaning.

Die woorde praat (spreek) en doen vat alles wat ons doen teenoor God en ander mense saam.

- As ons tot bekering gekom het en deur genade onder die liefdesgebod staan,
- omdat ons vrygemaak is van die beheer van die duiwel oor ons (= die wet van vryheid),
- sal ons optrede geoordeel word deur die liefdesgebod.

Vrygemaak beteken dat die Wet van Moses nie verbygegaan het nie - ons is net vrygemaak van die uiterlike daarvan. Nou moet dit 'n saak van die hart wees.

- Dit gaan daaroor of ons die wet van harte nakom - of ons die wet as nuwe mense in Christus nakom.
- Ons optredes moet liefdesgedrewe wees.

Anders gestel: As ons in die oordeel van God staan -

- Gaan die vraag NIE wees of ons al die seremoniële (uiterlike) bepalings van die wet in ag geneem het en noukeurig nagekom het nie (nie gedwing deur uiterlike dinge nie)
- Die vraag is of ons uit die grondbeginsel van die wet (liefde) gelewe het (uit my hart uit aan God verbind).

Vers 13

Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel. (Jakobus 2:13 AFR53)

- (wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.)
- Want die oordeel sal onbarmhartig wees
- oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie;
- en die barmhartigheid roem teen die oordeel. (Jakobus 2:1-13 AFR53)

Die inhoud van die vers loop so:

- Liefde word in barmhartigheid (genade) geopenbaar
- Iemand wat dus die armes verontreg mis genade (ontferming/barmhartigheid)
- Mense wat tydens hulle lewe geen genade bewys het nie, gaan ook geen genade ontvang nie! (die oordeel van God gaan onbarmhartig teenoor hulle wees).

Vergelyk hiermee saam:

Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. (Matteus 7:2 AFR53)

Die laaste deel van die sin is 'n paradoks: die barmhartigheid roem teen die oordeel.

- Dit gee die indruk dat die een die ander uitsluit - asof genade teenoor die oordeel van God staan.
- Die vers leer egter iets anders: Ons sou in die oordeel van God veroordeel moes word, maar die genade van Christus roem vir ons tot vryspraak. So kry ons in die oordeel die genade van God.. Die genade van God laat ons in die oordeel bestaan.

Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. (2 Korintiërs 5:10 AFR53)

Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. (Matteus 6:14 AFR53)

Verse 14-26

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie – wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood. (Jakobus 2:14-26 AFR53)

Vers 14

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? (Jakobus 2:14 AFR53)

Met vers 14 begin daar 'n baie belangrike gedagte-eenheid in die brief. Daar is twee dinge van belang wat in dié gedeelte in gedagte gehou moet word:

- Jakobus stel die toepassing van 'n bepaalde beginsel. Hy verwys nie noodwendig na 'n bepaalde geval wat in 'n gemeente voorgekom het nie.
- Die beginsel wat hy stel, verduidelik die fundamentele verhouding wat daar is tussen geloof en werke.

NB: Jakobus belig 'n ander kant van hoe geloof werk as wat die apostel Paulus doen. Dit beteken nie dat die een of die ander verkeerd is, of iets verkeerd verstaan het nie. Al twee se siening is reg en aanvullend tot mekaar:

- Paulus: Glo reg – daaruit volg die regte/goeie werke.
- Jakobus: Wys my jou werke dan sal ons sien of jou geloof reg is.

Jakobus benader geloof dus baie meer prakties as Paulus. Daarom begin hy hierdie sin met: wat baat dit/watter nut bring dit voort/wat help dit?

- Dit beteken nie dat die Heilige Gees (Jakobus) bedoel dat gelowiges net dinge moet doen wat nuttig/voordelig is nie – dan verval aanbidding!
- Hy belig die uitwerking wat geloof het, bloot prakties. Hy het dit alreeds in Hoofstuk 1:27 gedoen:

Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld. (Jakobus 1:27 AFR53)

Die punt is dit: Die geloof doen niks as dit nie met (goeie) werke gepaard gaan nie!

Twee woorde staan uit:

- Die een is my broeders. Daarmee roep die Heilige Gees ons elkeen persoonlik op om verantwoording te doen van hoe die saak werklik met ons geloof staan. Die Here praat nou met my en jou – nie met gelowiges in die bondel nie!
- Die ander een is sê (eintlik: sou sê/beweer).
 - Die agtergrond van die woord is dat ons ook in ons geloofslewe sonde met ons tonge kan doen!
 - Ons kan maklik groot woorde praat wat almal waar is, maar wat almal uit 'n leë hart kom.
 - Iemand kan beweer dat hy glo, en dan maak hy van sy geloof bloot 'n stuk uiterlike wetsonderhouding. (Die punt is: so 'n geloof is geen geloof nie!)

Die woord sê/beweer beteken hier dat die ware kenmerke van geloof eers nagegaan moet word en dit moet aangedui kan word dat dit teenwoordig is! Die woord sê/beweer verklaar dus hierdie hele gedeelte:

- Die woord se bedoeling is nie om duidelik te maak wat wat die krag van geloof is nie!
- Die bedoeling is dat daardie woordjie die mense bestraf wat loop en vertel dat hulle glo, maar nie ware geloof het nie. Hierdie soort mense se optrede lyk goed voor mense, maar is vals voor God!

Dit gaan dus oor iets wat die Here Jesus self gesê het in Matteus 7:

'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken. Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? (Matteus 7:18-22 AFR53)

Die Here Jesus se woorde maak dit duidelik dat daar inderdaad mense is wat voorgee dat hulle die Here dien, maar dit nie doen nie – daarom gaan Hy hulle wegjaag!

- 'n Waaragtige geloof moet dus uit sy aard vrugte dra – werke wat by 'n geloof behoort wat God dien en aanbid.
- Die soort werke word nie gedoen ter wille daarvan om 'n demonstrasie te gee nie.
- Dis werke wat nie anders kan nie, want hulle is niks anders nie as die daad waarmee die ware geloof in iemand in die lig intree nie.

Waarom sou Jakobus sulke kwaai woorde vir 'n Christengemeente skryf?

- Omdat hy skryf vir Christene wat uit die Jodedom bekeer is!
- Daar het waarskynlik by hulle baie van die styl en sêgoed van die Fariseërs agtergebly – en die Here wou dit onder die ware gelowiges uitroei. Hy wil hê dat ons wat glo, heeltemal eerlik en opreg moet wees.

Die teenoorgestelde is ook waar: die nuwe Christene kon nou so anti-Joods word dat hulle kon redeneer dat hulle niks uitwendigs hoef te doen nie, want hulle geloof is dan so innerlik en diep! Dit is net so verkeer.

Vers 15, 16

As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie – wat baat dit? (Jakobus 2:15-16 AFR53)

Hier gebruik die Here nou 'n voorbeeld om die beginsel wat pas gestel is, prakties te verduidelik. Die

bedoeling van die voorbeeld is dat elke gelowige in die toeligtig wat die voorbeeld gee, dadelik sal verstaan dat geloof sonder werke geen ware geloof is nie.

Vraag/stelling: Die omgekeerde is ook waar – of is dit nie?!

In die gemeente is daar 'n lidmaat/lidmate wat gebrek het.

- Die persoon deel dieselfde geloof, dieselfde aanbidding, dieselfde gemeente.
- Nou is die veronderstelling in die vers dat die betrokke lidmaat dan kom aanmeld by die gemeente (die res van die gelowiges) en kom hulp soek om aangetrek te raak en om kos in sy maag te kry.

Onthou die mense aan wie die brief geskryf is! Hulle is bekeerlinge uit die Jodedom! Hoe het hulle sulke mense behandel? Hulle het in die eerste plek mekaar gegroet met die tipiese Oosterse groet: Vrede vir jou!

Dit is waarop hierdie teksvers sinspeel! Die persoon word hartlik gegroet en geseën – en dan weggestuur sonder dat daar enige verligting aan sy/haar fisiese nood gegee is.

- Wat hard onderstreep word in die geval, is die nutteloosheid en leegheid van sulke optrede: Wat baat dit?/wat help dit?
- Wat help dit die Here stuur iemand na jou toe, maar jy spreek net die Here se seën oor hom uit en laat hom terug loop (na die Here toe?) terwyl jy nie jou roeping nagekom het nie?

NB: Onthou vir die verstaan van die voorbeeld dat die brief aan Christene gerig word in hulle gemeenteverband.

- Die voorbeeld gaan dus nie oor enige arm persoon wat jy waar ook al raakloop nie. Hierdie voorbeeld gaan oor 'n arm broeder of suster in jou eie gemeente.
- Natuurlik kom ander armes ook in die gesigsveld, maar dit is nie die punt wat die Heilige Gees hier maak nie.
 - Hier word die gemeente aangepraat om na binne na mekaar te kyk en mekaar te versorg.
 - Dit is die vertrekpunt van liefdesdiens aan armes (charity begins at home!).

Die ander twee plekke in die Bybel wat op 'n soortgelyke manier verwys na die omgee/versorging van armes, is:

Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof. (Galasiërs 6:10 AFR53)

Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige. (1 Timoteus 5:8 AFR53)

Hierdie twee uitsprake gee ook 'n duidelike lyn waarbinne barmhartigheidsdiens gedoen word:

- Eers binne die kerk van die Here en dan buite die kerk na ander mense (ongelowiges?) toe.
- Die Here self werk ook so: Hy gee die ewige lewe net aan die wat Hy uitverkies het om sy kinders te wees (die kerk), maar tog laat Hy oor alle mense reën, ens.

Vergelyk ook hierby:

Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het. (Handelinge 4:34-35 AFR53)

Vers 14 begin met wat help dit en vers 16 sluit daarmee af. Dit is dus 'n samevatting van alles wat tussenin staan – werke sonder geloof is dood.

Vers 17

Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. (Jakobus 2:17 AFR53)

Hierdie uitspraak onderstreep nou dat geloof wat van werke ontkoppel is, net so dood is as wat werke is wat van die geloof af ontkoppel is!

- 'n Geloof wat nie uitloop in dae nie, is nie 'n ware geloof nie.
- Sodra geloof latent in iemand is, is dit dood. Geloof is juis nie 'n dooie ding wat net daar kan wees nie.
- Geloof is 'n gewisse kennis en 'n vaste vertrouwe van my verlossing soos God dit in sy Woord openbaar.
- Geloof is juis die aksie waarmee hierdie kennis en vertrouwe nou uit my uitwerk na buite toe in die koninkryk van God in.

'n Geloof wat nie vrugte dra nie (= goeie werke na buite toe laat vloei nie) mag dalk deur sommige mense geloof genoem word, maar die Here verklaar dit dood. Dit het nie die reg op die benoeming ware geloof nie.

'n Ware geloof werk deur die liefde:

Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk. (Galasiërs 5:6 AFR53)

Vers 18

Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. (Jakobus 2:18 AFR53)

Jakobus haal iets aan wat iemand waarskynlik in 'n gesprek/redenasie teenoor hom sou genoem het: Jy het die geloof, ek het die werke!

Die bedoeling van die (verkeerde/foutiewe) redenasie is die volgende:

- 'n Mens sou moes toegee dat daar iemand sal wees wat 'n mooi en sterk geloof het, maar die mens doen niks vir die gemeente of vir die Here nie.
- Net so sou daar dan iemand anders wees wat dalk nou nie so sterk staan in sy geloof nie, maar hy is iemand wat baie hard werk in die gemeente en vir die gemeenskap waar hy woon.
- Die redenasie veronderstel dan dat die twee altwee saligmakende geloof het – dit word net op verskillende maniere geopenbaar.

Die fout met die redenasie is dat dit die geloof en die werke van mekaar af wil losmaak, of ten minste gedeeltelik ontkoppel.

Dis op hierdie standpunt wat die Heilige Gees antwoord: Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

- Die betekenis van die aanspraak is: Wys vir my so 'n ware geloof wat losgemaak is van werke dat ek die geloof kan sien!

- Die veronderstelling is dus duidelik: Dit kan nie, want so iets bestaan nie!
- Die Heilige Gees maak hiermee die stelling dat dit wel moontlik is om uit iemand se werke (openbare optrede teenoor die Here en sy medemense) aan te toon dat dit uit sy geloof uit voortvloei.
- Natuurlik! Want uit onself is die mens tot niks goeds in staat nie.

Vers 19

Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. (Jakobus 2:19 AFR53)

Die eerste heel belangrike ding wat ons moet onthou as ons dié vers lees, is dat hierdie brief een van die heel eerste/oudste Christelike geskrifte is.

- Die woord geloof se betekenis was toe nog nie voluit bekend as saligmakende geloof nie.
- Dit is belangrik om dit te onthou, want dis presies die betekenis wat die woord geloof het ten opsigte van die duiwels/demone se geloof: dis kennis van wie God is, maar dis nie 'n saligmakende geloof nie, want hulle word nie daardeur gered nie.

Die woord vir geloof kan hier ook beteken:

- historiese geloof (die demone se geloof is 'n uitstekende voorbeeld van historiese geloof!), of
- geloof wat slegs 'n tyd lank duur (tydsgeloof).

Jakobus vra vir die gelowiges: Glo jy dat God een is?

Die Jode en die Christene en verskillende heidense godsdienste bely almal die God/god wat hulle ken as een God/god.

- Daarom mag mens wonder: Waarom word die vraag gevra, want feitlik alle mense gaan op hierdie vraag positief antwoord!?
- Maar die antwoord van die vraag word bepaal deur die volgende: Wat is die gevolge van die feit dat jy God as die een en enigste God ken?
 - Die duiwels sidder, want hulle weet wat die gevolge van hulle werke teenoor die God is/gaan wees!

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. (Efesiërs 6:12 AFR53)

- Hoe vergelyk jou geloof met dié van die duiwels, want die inhoud is dieselfde: Julle altwee ken die Here in sy eenheid. Die verskil kom nou by die werke wat uit hierdie geloof voortvloei: lyk jou werke anders as dié van die duiwels?
- Dit sluit aan by die vorige vers dat geloof en werke bymekaar nie noodwendig dieselfde uitkoms gaan hê nie, want die duiwels en die gelowiges se werke is verskillend, al grond dit in presies dieselfde geloof van God!

Vergelyk hierby:

Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. (Matteus 25:41 AFR53)

Wat is die slotsom? Geloof as 'n verstandsaak bring geen redding nie.

Vers 20

Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? (Jakobus 2:20 AFR53)

Nou word 'n voorbeeld uit die geskiedenis aangehaal: Abraham.

- Die Jode het gedink dat hulle beter as ander is omdat hulle van Abraham afgestam het.
- Hulle het hulle vir baie dinge wat hulle gedoen het, op Abraham beroep.

En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek. (Matteus 3:9 AFR53)

- Die Christene uit die Jodendom het Abraham net so hoog aangeslaan.
- Omdat Hy 'n voorbeeld vir alle gelowiges is, is sy lewe 'n uitnemende voorbeeld van hoe die verhouding tussen geloof en werke tot mekaar staan. Daarom word Hy gebruik as demonstrasiemodel.

Met die woorde wil jy weet beroep Jakobus hom daarop dat almal in die gemeente nie weet wat die volle waarheid oor die saak van geloof en werke is nie.

- Deur retories toestemming te vra, roep hy dus hulle aandag saam om te luister.

O nietige mens/ niksword mens:

- Die woord nietig beteken eintlik net leeg.
- Die vraag is: Wat van die mens is leeg?
 - Is die hele mens leeg?
 - Leeg van wat?
- Die uitdrukking is in daardie jare gebruik om 'n mens met 'n leë kop te beskryf:
 - 'n Onnadenkende persoon
 - Iemand wat nie nadink oor dinge nie en wat ook nie dink oor wat hy sê of doen nie

Vir ons in ons kultuur klink so 'n aanspraak darem baie skerp (en dalk selfs ongevraagd!?).

- Die feit dat die Here die aanspraak op die Jode-Christene in die algemeen maak, is omdat daar 'n algemene gebrek aan vrugte van die geloof by hulle was.
- Hulle het tot bekering gekom en toe blykbaar gedink dis genoeg.
- Maar dit is nie. Bekering tot die ware geloof is soos 'n saadjie wat geplant word, en wat nou moet ontkiem en in iets baie groters in moet groei.

Geloof sonder werke is 'n onding wat nie kan bestaan nie: Dit doen niks en beteken ook niks. Juis dit kan uit die geskiedenis van Abraham maklik bewys word.

Vers 21

Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? (Jakobus 2:21 AFR53)

Abraham, ons vader: Hy word so genoem om:

- hom as voorouer volgens bloedlyn aan te toon; en
- hom ook as lewens- en geloofsvoorbeeld aan die lesers voor te hou.

Uit die werke geregverdig

NB: Jakobus gebruik die woord regverdig anders as wat die apostel Paulus dit gebruik.

- Vir Paulus is dit God wat goddelose mense regverdig verklaar.
 - Dit is ook reg en waar. Lees hiervoor Romeine 4:5:

. . . aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken. (Romeine 4:5 AFR53)

- Vryspraak uit die oordeelsgerig van God kry ons net deur geloof in die Here Jesus Christus alleen. Lees hiervoor Romeine 3: 24, 25:

. . . en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God (Romeine 3:24-25 AFR53)

- Jakobus gebruik die woord regverdig met dieselfde inhoud, maar in die lydende vorm.
 - Met ander woorde hy veronderstel die regverdigverklaring waarvan die apostel Paulus ons leer, maar Jakobus wys daarop dat hierdie regverdiging van God ook vir jouself duidelik moet wees uit die vrugte van jou geloof.
 - Ons bely dit ook presies so in die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 86.

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).

(a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17 Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.

Die Here lig nou toe dat dit met Abraham dit so gegaan het. Toe hy Isak gaan offer het, het die Here vir Abraham gesê:

En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. (Genesis 22:12 AFR53)

Hierdie aankondiging was vir Abraham terselfdertyd die aankondiging van sy regverdigheid. Die Here het vir hom hierdie sekerheid gegee in verband met dit wat hy uit die diepte van sy geloof gedoen het!

Vers 22

Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? (Jakobus 2:22 AFR53)

Die Heilige Gees maak met die voorafgaande vers uit Jakobus se pen glad nie ons werke die grond van ons regverdigheid nie. Hy leer presies die teenoorgestelde: Die geloof is die uitgangspunt!

Jakobus 2:1 leer duidelik hoe ons geloof moet vestaan:

My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlijkheid, . . . (Jakobus 2:1 AFR53)

Ons geloof is gerig op ons Here Jesus Christus wat tans Goddelike heerlikheid geniet.

Hierdie geloof het by Abraham saamgewerk met sy werke soos dit uit die Skrif duidelik is: Abraham se optrede was dus geloofswerke.

- Geloof en werke gaan dus onafskeidelik saam met mekaar, maar dan so dat die geloof die leiding neem.
- Daarom was Abraham se werke vrugte van sy geloof.
- Sonder sy geloof sou sy werke nie daar gewees het nie.

Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. (Hebreërs 11:8 AFR53)

Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, (Hebreërs 11:17 AFR53)

Die geloof kom dus inderdaad ook deur ons werke tot sy hoogtepunt. As daar nie werke uit ons geloof voortkom nie, is dit die bewys daarvan dat ons geloof baie ver van op standaard is.

Vers 23

En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. (Jakobus 2:23 AFR53)

Jakobus voeg nog 'n bewys uit die Skrif by:

- Nogal 'n Skrifbewys wat vir die Christene spesifiek baie betekenis het: Die Skrif is vervul! In Christus is die Ou Verbond/Testament mos vervul!
- Volgens die Ou Testament het die Here al tydens Abraham se lewe vir hom gesê dat Hy hom sy geloof as geregtigheid toereken. Dit staan in Genesis 15:6:

En hy het in die Here geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken. (Genesis 15:6 AFR53)

Waarom hierdie verwysing belangrik is, is omdat dit 'n voorafgaande daad van die Here is!

- Die Here het Abraham vooraf al regverdig verklaar – nog voordat Hy dit vir Abraham gaan sê het – anders sou Hy dit mos nie vir Abraham kon sê nie.
- Abraham se lewe bewys dat dinge nie net by die Here se woorde gebly het nie: Soos wat Abraham se lewe aangegaan het, het hyself hiervan bewus geword uit die werke wat hy in die geloof gedoen het.

Vriend van God

Jakobus verwys daarna dat Abraham 'n vriend van God genoem is. Hy verwys waarskynlik na twee plekke in die Ou Testament waar dit geskryf staan:

Het U, onse God, nie die inwoners van hierdie land voor u volk Israel uit verdrywe en dit vir altyd aan die nageslag van Abraham, u vriend, gegee nie? (2 Kronieke 20:7 AFR53)

Maar jy, Israel, my kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend, (Jesaja 41:8 AFR53)

Die feit dat Abraham 'n vriend van God is, bewys dus dat die Here hom liefgehad het!

- Dis waarom die Here vir hom geregtigheid geskenk het!
- Dit geld ons dus ook!
- Maar – en dis die punt wat Jakobus maak – dan mag en kan die vrugte van ons geloof (werke) nie uitbly nie.

Dit werk dus by ons nog steeds soos by Abraham: Ons werke uit die geloof verseker ons juis daarvan dat ons deur God regverdig verklaar is omdat Hy ons liefhet!

Vers 24

Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? (Jakobus 2:24 AFR53)

Hierdie vers is 'n baie opsetlike byvoeging by die voorafgaande betoog:

- Die inhoud kom daarop neer dat Jakobus eintlik bevestig dat jy goeie werke nodig het in jou lewe om te kan bewys dat jy glo.
- Geloof kan nie bestaan sonder werke nie.

Vers 25

En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? (Jakobus 2:25 AFR53)

Daar word nog 'n voorbeeld uit die Ou Testament bygevoeg:

- Ragab die hoer! Sy is in Israel se geskiedenis 'n veelbesproke en merkwaardige vrou.
- Wie sou nou ooit kon droom dat die Heilige Gees Abraham en Ragab in een asem gaan noem en ten opsigte van die regverdiging deur hulle werke op een vlak sou plaas!

Almal weet dat Ragab (eers) sleg geleef het. Dit was juis haar reputasie wat die verspieders na haar toe gelok het!

- Maar juis daardeur kom sy in aanraking met die Woord van God, en bewys sy 'n weldaad aan God se volk – omdat sy in die Woord van die Here geglo het!
- Eers het alle goeie werke by die vrou ontbreek, maar daardie nag verander dit.
 - Sy maak 'n merkwaardige ommekeer met haar dade – en daaruit kom die eerste vrugte van haar geloof reeds na vore!
 - y help haar volk se vyande ten koste van die moontlikheid dat sy self haar lewe kan verloor.
- Wanneer Jerigo ingeneem word, bly sy en haar familie gered en veilig – daaruit ontstaan daar reeds vir haar die eerste keer die sekerheid van haar regverdiging.

So is Abraham en Ragab, op heeltemal verskillende maniere, regverdiging deur God gegee. Hulle werke het dit bewys.

Vers 26

Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood. (Jakobus 2:26 AFR53)

Vers 17 word herhaal om die saak waaroor dit gaan ondubbelsinnig te beklemtoon:

- 'n Geloof wat nie werke oplewer nie, is 'n dooie geloof!
- Die woordjie want dui op die hele voorafgaande perikoop se inhoud (dus: samevattend).

Om die saak te versterk word daar 'n beeld bygevoeg: die liggaam sonder gees is dood.

Gees beteken hier iets soos lewensasem/persoonlikheid/dit wat “ek” is/lewe.

- Elke mens weet dat 'n liggaam dood as jou siel/asem/lewe jou verlaat het.
- Met 'n geloof sonder werke is dit presies dieselfde.

NB Let mooi op na die rigting van die vergelyking:

- Hier staan nie dat die liggaam in dieselfde verhouding tot lewe staan as wat geloof tot werke staan nie.
- Hier staan dat die liggaam sonder lewe in dieselfde verhouding staan as geloof sonder werke.

Hiermee spoor die Heilige Gees die gelowiges aan om goeie werke te doen.